LEWENS-ORIENTERING

GRAAD 10

FORMELE GESKREWE ASSESSERINGSTAAK – TERMYN 2 (2020)

Totale punt: 30

Naam van leerder: ____________________

**Verklaring deur leerder:**

Ek bevestig hiermee dat alle inligting in hierdie dokument my eie oorspronklike werk is.

Geteken Datum

Instruksies

1) Beantwoord al die vrae.
2) Beantwoord die vrae in vol sinne behalwe waar daar dit 'n een-woord antwoord is.
3) Die projek moet ingedien word voor of op 20 Julie 2020.

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# 2O20 LEWENSORIËNTERING

# EKSEMPLAARTAAK

# GRAAD 10

# EKSEMPLAAR KORT GESKREWE TAAK
# GRAAD 10

**PUNTE: 30**

| | |
|---|---|
| **VAK** | LEWENSORIËNTERING |
| **GRAAD** | 10 |
| **PUNTE** | 30 |
| **ONDERWERPE** | STUDIE-VAARDIGHEDE<br><br>SOSIALE EN OMGEWINGSVERANTWOORDELIKHEID |
| **SUB ONDERWERP** | Pas studievaardighede, studiestyle en studiestrategieë toe.<br><br>Om die sosio-ekonomiese impak op huidige omgewingskwessies te ondersoek. |
| **DOEL** | Om die sosio-ekonomiese impak van 'n huidige omgewingskwessie op die lewens van kwesbare gemeenskappe in Suid-Afrika te ondersoek.<br><br>Om antwoorde op sosiale en omgewingskwessies/rampe te evalueer om die impak van 'n huidige omgewingskwessie/ramp te versag.<br><br>Om studievaardighede te ontleed en toe te pas om persoonlike doelwitte te bereik. |

## ONDERWERP: SOSIALE en OMGEWINGSVERANTWOORDELIKHEID

**Lees die bron hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Kontemporêre Sosiale kwessies in Suid-Afrika**

Die verspreiding van Covid-19 regoor die wêreld het ernstige fokus op sosiale kwessies soos armoede en ongelyke toegang tot basiese dienste oor ras, klas-en inkomstelyne in baie lande wêreldwyd gerig.

Dit is geen geheim dat daar in Suid-Afrika 'n toenemende behoefte aan basiese dienste in baie gemeenskappe is nie.

Elke huishouding begeer 'n mate van gerief, ongeag waar dit geleë is. Toegang tot televisie, yskas, elektrisiteit, sanitasie en drinkwater is alles basiese behoeftes, ongeag waar mense woon.

**Aangepas uit: *www.city-press.news24.com* , *besoek op 12 Mei 2020***

| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | Definieer die term *basiese dienste* en verduidelik hoe 'n gebrek aan water as 'n basiese diens, 'n impak op die fisiese gesondheid van mense kan maak. | (1+2) (3) |
| 1.2. | Verduidelik **TWEE** maniere hoe die Covid-19 pandemie die sosiale ongeregtighede, wat hoofsaaklik in die benadeelde gemeenskappe in Suid-Afrika bestaan, blootgestel het. | (2x2) (4) |
| 1.3. | Bespreek **TWEE** maniere hoe die inperking wêreldwyd bygedra het tot die verhoogde syfers in geslagsgebaseerde geweld. | (2x2) (4) |
| 1.4. | Assesseer **TWEE** ingrypingstrategieë wat deur die regering geïmplementeer is om voedselsekerheid vir die behoeftiges tydens die COVID-19 pandemie te verseker. | (2x2) (4) |
| | **Sub- Totaal** | **(15)** |

## VRAAG 2

### ONDERWERP: STUDIEVAARDIGHEDE

**Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Tydsbestuur en Studievaardighede**

Die meeste leerders begin elke nuwe termyn met hoë verwagtings. Hulle sien hulself as suksesvol in hul studies en skoolwerk, maar hulle versuim om 'n realistiese plan saam te stel of 'n roetine te vestig wat hulle in staat sal stel om akademiese sukses te behaal. Daar is net soveel ure in 'n dag, dae in 'n week, en weke in 'n kwartaal. En as jy nie aandag skenk nie, sal die einde van die kwartaal kom voordat jy dit weet, wat jou onkant sal vang.

Aangepas uit www.educationcorner.com , *besoek op 12 Mei 2020*

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | Definieer die term ***kritiese lees*** en verduidelik hoe dit jou kan help om fundamentele konsepte en inhoud te kies. | **(1+2) (3)** |
| **2.2.** | Verduidelik **TWEE** maniere hoe die effektiewe neem van notas, jou konsentrasie kan verbeter wanneer jy studeer. | **(2x2) (4)** |
| **2.3.** | Watter effek het die nuwe onderrig-en leerbenaderings op leerders as gevolg van die Nasionale sosiale/fisiese afstandsregulasies? Bespreek **TWEE** effekte. | **(2x2) (4)** |
| **2.4.** | Stel **TWEE** goeie studiegewoontes voor wat leerders moet ontwikkel ten einde die opvoedkundige ontwrigting, wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is, te hanteer. Motiveer **ELKE** antwoord. | **(2x2) (4)** |
| | **Sub- Totaal** | **(15)** |
| | **Groottotaal: Vraag 1 + 2** | **[30]** |